# PARADIGMA-VERANDERINGS EN DIE EFFEK DAARVAN OP DIE KERK[1]

Johann Visagie[2]

Vir 'n geruime tyd reeds is die tema van paradigma-veranderings ook in teologiese kringe ter sprake. En ons weet almal dat die opinies van teoloë die kerk op allerlei maniere raak. Daarom kan die kerk ook belang hê by wat teoloë oor hierdie tema te sê het. Wat is paradigma-veranderings en waarop moet 'n besinning oor die tema bedag wees?

## 'n Boek en 'n term

Vir dekades al is die term "paradigma" gemeengoed in die wêreld van die wetenskaplike dissiplines. Die term gryp terug na 'n boek van Thomas Kuhn, 'n Amerikaanse historikus van die natuurwetenskappe, wat in 1962 verskyn het, getiteld *The Structure of Scientific Revolutions*. Dit is die mees invloedryke akademiese boek wat in die afgelope dertig jaar verskyn het.

Kuhn self het met die idee van paradigma-verskuiwings gedui op die radikale veranderings wat opeenvolgende teorieë in die natuurwetenskappe kan meebring. Eers is daar 'n gesaghebbende teorie wat deur die beoefenaars van een of ander dissipline aanvaar word; dan raak die teorie verseild in onoplosbare probleme; op 'n stadium kom, te midde van onrus en onsekerheid, 'n nuwe teorie na vore wat kragtiger blyk te wees as die oue en wat gaandeweg die nuwe gesaghebbende siening word; en so keer dinge weer terug na "normale" wetenskapsbeoefening.

Maar tussen die ou teorie en die nuwe teorie gaap 'n onoorbrugbare kloof. Elkeen "sien" die wêreld totaal anders. Soveel so, dat die aanhangers van die een teorie moeite ervaar om met die aanhangers van die ander teorie te kommunikeer. En die probleem is dat - volgens Kuhn - daar nie 'n objektiewe wêreld "daarbuite" is waarna die argumenteerders hulle gemaklik kan wend om tussen kompeterende teorieë te kan oordeel nie. Elke teorie is 'n paradigma ('n model wat mense saambind) wat sy eie "objektiewe wêreld" met hom *meebring*.

1 Referaat gelewer tydens 'n teologie dag by die opening van die Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, 13 Februarie 1996.

2 Prof Johann Visagie, Dept wysbegeerte, Posbus 339 Bloemfontein 9300.

## Twee wêrelde van verandering

Kuhn se paradigma-begrip is intussen oorgeneem en aangepas om meer as net natuurwetenskaplike omwentelings aan te dui. In hierdie meer algemene sin verstaan ons paradigma-verandering as 'n verwisseling van die omvattende raamwerke waarbinne ons dink en doen. Verwisselings wat plaasvind omdat die ou manier van dink en doen oënskynlik êrens vasloop. En inderdaad: tussen die ou raamwerk en die nuwe raamwerk gaap daar meestal 'n onoorbrugbare kloof. In die konflik tussen raamwerke kry mens die gevoel dat mense gewoon by mekaar verby praat.

As 'n mens die term "paradigma-veranderings" nou in hierdie meer algemene sin verstaan, kom die vraag na vore: waar word sulke veranderings aangetref? Breedweg kan 'n mens sê: in twee groot wêrelde, die teoretiese denkwêreld en in die alledaagse leefwêreld. Dus, enersyds verandering in die teorieë van die natuurwetenskappe, die menswetenskappe, die sosiale wetenskappe, die filosofie en die teologie. Andersyds, verandering in ons omgang met dinge soos kuns en moraliteit, reg en politiek, kerk en godsdiens.

## In en om die kerk

Wat die kerk betref, is daar dan die moontlikheid van paradigma-veranderings binne die kerk self. Veranderings wat intern veroorsaak word deurdat 'n tradisionele wyse van glo en bely, gewoon plek moet maak vir nuwe geloofsinhoude. In hierdie bespreking wil ek egter meer kyk na paradigma-veranderings rondom die kerk, maar dan veranderings wat deurwerk na die kerklike lewe, en waarmee die kerk op een of ander manier gekonfronteer word. Kom ons kyk kortliks na voorbeelde van paradigma-veranderinge in die filosofie, die teologie, die morele lewe en die politieke lewe; en hoe dit die kerk raak.

## Filosofiese stromings

Paradigma-veranderings in die filosofie hou verband met die wyse waarop groot filosofiese stromings mekaar in die geskiedenis afwissel. Dink byvoorbeeld aan die manier waarop die mensbeeld paradigmaties verander het in hierdie stromings. In die ou (negentiende eeuse) *rasionalisme* word die wese van die mens verbind met hoë waardes soos redelikheid, vryheid en vooruitgang. In die na-oorlogse *irrasionalisme* gaan dit

geensins meer om die rasionele wese, maar eerder om die historiese wording van die mens. En in hierdie wording vertoon die mens nie groots nie, maar eerder klein en benepe, vervul van sorge en gedoem tot 'n tragiese vryheid. (Aldus een van die bekendste irrasionalistiese filosofieë, die *eksistensialisme*.) In die latere *strukturalisme* tree struktuur en sisteem weer op die voorgrond: die mens se vryheid neem nou die wyk voor denk- en taalstrukture. En in die hedendaagse *postmodernisme* moet elke gedagte aan begronding, sisteem en struktuur weer plek maak vir 'n behae in die grondelose en fragmentariese aard van menswees: daar is 'n vrolike skeptisisme teenoor alle "groot verhale" wat een of ander omlyning aan die mens se bestaan wil gee - of hierdie verhale nou oor rede en vooruitgang, of oor tragiek en ondergang, of oor taal en kommunikasie, of oor watter sleutelgegewe ookal, gaan.

## Filosofie en teologie

Hierdie geskiedenis raak die kerk, vir die eenvoudige rede dat die teologie altyd geraak word deur wat in die filosofie aan die gang is. So was daar 'n tyd toe 'n invloedryke paradigma in die teologie die taal van die eksistensialisme gepraat het. Toe dit gegaan het om die mens in sy "eksistensiële situasie" van skuld, lyding en sinloosheid - en om die wordende, ja selfs die lydende, God van die geskiedenis wat hierdie situasie reddend binnedring. En vandag? Die postmodernisme het reeds 'n eietydse paradigma ook binne die teologie begin vorm. En die taal wat nou gepraat word, verwys na die noodsaak van "dekonstruksie": van die heilsame effek wat dit het as ons al ons pogings laat vaar om ons denke altyd te wil "begrond" of tot een of ander eenheid of hiërargiese orde te wil bring - ook as dit om teologiese of kerklike denke gaan.

## Moraliteit en politiek

Wat moraliteit betref, dit is iets waarmee die kerk natuurlik ten nouste gemoeid is. En hier is sprake van 'n paradigma-verandering wat sedert die sestiger-jare 'n vormende invloed op die hele Westerse kultuur uitoefen, 'n verandering waarvan die oorspronge eintlik ver terug in die Romantiek lê. Dit is die verskynsel van (wat ek sal noem) die ek-etiek: die koppeling van morele integriteit nie soseer aan 'n objektiewe orde van norme en waardes nie, maar aan die ontdekking en vrye uitdrukking van die self. Die universele etiese norm verdwyn of staan ver in die agtergrond. Wat

op die voorgrond tree is die individualiteit en die egtheid van die self. En in die kerk, ook hier by ons te lande, voel mense aan dat tussen tradisionele kansel-taal, en die taal van die vertroude vrouetydskif wat by die huis gelees word, daar nie meer 'n brug te bou is nie. In die ou dae moes jy God vind en jouself verloor. Nou moet jy jouself ontdek, en blykbaar mag geen God of gebod hier in die weg staan nie.

Op die politieke terrein het Suid-Afrika natuurlik 'n enorme paradigma-verandering beleef. Die effek hiervan op die kerk sal nog in die toekoms gepeil meet word. Intussen lyk dit asof daar 'n paar basiese houdings by mense in en om die kerk te bespeur is. Daar is byvoorbeeld diegene wat met argwaan en sinisme teenoor die kerk vervul is, oor dié se onvermoë om baie jare gelede al te gesê het wat nou algemeen gesê word. Hierteenoor is daar diegene wat die kerk van hulle jeug altyd vurig sal verdedig, of diegene wat verkies om eintlik nie te veel na te dink oor hoe alles rym nie. En dan is daar darem ook diegene wat met 'n diepe huiwering vervul is oor wat in die land én in die kerk gebeur het, maar wat hoop op heling vir beide, en wat deel van hierdie proses wil wees.

Ons sou op hierdie trant kon voortgaan om na paradigma-veranderings rondom die kerk te kyk. Maar dan kom ons nog nie by die kernvraag uit nie: *Hoe moet mens, vanuit 'n Christelike perspektief, hierdie en ander paradigma-veranderings beoordeel?*

## Filosofiese twispunte en 'n Bybelse wysheid

Kom ons gaan weer terug na die enkele voorbeelde hierbo. Wat die filosofie betref, 'n diepte-studie van hierdie dissipline bring ons tot die verrassende besef dat die filosofiese denke, van die ou Grieke af tot vandag toe, deur 'n klein klompie beskrywende begrippe betower word. Begrippe soos eenheid of veelheid, universaliteit of individualiteit, veranderlikheid of onveranderlikheid, ens. En nou merk 'n mens dat paradigma-veranderings in die filosofie gewoonlik saamhang met 'n keuse wat denkers maak tussen hierdie begrippe. 'n Keuse waarin, op 'n ry af, die een bo die ander begunstig word. So het die irrasionalisme byvoorbeeld gekies vir individualiteit bo universaliteit, 'n keuse wat die teendeel van die ou rasionalistiese opsie verteenwoordig. So is ook, vanaf die antieke tyd tot by die moderne strukturalisme, eenheid geprys ten koste van veelheid. Maar vandag het die postmoderniste die bordjies verhang deur eenheid te degradeer in die naam van soewereine veelheid.

Maar dis presies op hierdie punt wat 'n ou Bybelse wysheid ons aandag vra: die religieuse norm wat sê *moenie skepseldinge — en ook skepselkategorieë — verhef tot 'n status wat hulle nie toekom nie.* Vir die filosofiese denke hou dit in dat ons nie 'n bepaalde begrip sal losmaak van sy natuurlike samehang met ander begrippe, om dié dan tot 'n soort ruspunt vir ons gedagtes te maak nie. Tragies genoeg, is dit egter juis die punt waarom paradigma-veranderings in die filosofie gewoonlik gaan. (Selfs Kuhn se teorie óór paradigma- veranderings vorm 'n soort paradigma van sy eie - een waar alles gemaak word van diskontinuïteit in die geskiedenis, maar niks van kontinuïteit nie.)

Behalwe vir hierdie kwessie van noodlottige wanbalanse, is daar egter nog iets anders wat ons in berekening moet bring by die beoordeling van paradigma-veranderings. Dit is die feit dat hierdie veranderings, selfs in terme van die wanbalanse wat hulle verteenwoordig, gewoonlik vir ons winste sowel as verliese meebring. Dit is (genadiglik!) so, gewoon vanweë die aard van historiese prosesse.

## Wins en verlies in die etiek en die politiek

'n Regverdige beoordeling van die ek-etiek moet byvoorbeeld toegee dat hierdie paradigma-verandering wel iets goeds met hom meebring: die verskerpte aandag vir individualiteit, self-ekspressie en self-vervulling. Dit is nie as sodanig in stryd met Bybelse norme nie, en verder spel dit ook vooruitgang in die geskiedenis. Daarom is dit iets wat ook Christene en die Christelike etiek ter harte kan neem. Maar ongelukkig is daar ook 'n verlies-kant en dié weeg swaar: die ek-etiek loop uit op 'n volslae subjektivisme waar self-ekspressie nie meer getemper word deur ander waardes en norme nie.

## En die politieke paradigma-verandering ("transformasie") wat vir ons die nuwe Suid-Afrika gebring het?

Ongetwyfeld is daar 'n geweldige wins vir ons almal. Ook in die kerk behoort daar durende blydskap te wees oor die dag van bevryding wat vir soveel mense in hierdie land aangebreek het. Blydskap ook oor insig wat daar vir ons gekom het in die gevare van 'n bekende paradigma: die paradigma waar eie volk en kultuur so geidealiseer word, dat die eise van geregtigheid nie meer daarmee gebalanseer kan word nie. Maar daar is wel die verlies-kant: onder andere, 'n nuwe paradigma wat besig is om gestalte

te kry, 'n soort denke waarin "demokratisering" beteken dat gesagsorgane eintlik bloot as die instrumente gesien word, waarmee groepe (soos werkers of studente) oor hulleself "regeer".

## Om te kan onderskei

Ten slotte: Daar is nog baie ander, moeilike vrae rakende paradigma-veranderings random die kerk. Daar is die vraag of die kerk as instituut wel geroep word om sulke veranderings enigsins te beoordeel, én indien wel, watter soort veranderings moet onder die soeklig kom? Die kerk kan hom seker nie wil uitspreek oor alle paradigma-veranderings nie? Daar is ook die kwessie van die direkte aandeel wat Christelike denke in paradigma-veranderings het - óf nie het nie. Waarom lyk dit asof krediet vir die relatiewe voordele wat die veranderings rondom ons bring, altyd aan 'n volkome gesekulariseerde soort denke moet gaan? Aan die ander kant: watter aandeel het die Christendom aan die verliese wat veranderende tye met hulle meebring?

En dan uiteindelik die vraag: kan alle Christene in elk geval een of ander metode aanleer om die paradigma-veranderings rondom hulle selfstandig te evalueer? Op hierdie laaste vraag wil ek deel van 'n antwoord poog. In die breë Christelike gemeenskap is daar verskillende gawes werksaam. Onder andere, die profetiese gawe. Vandag nog is daar diegene wat profeties kan onderskei en wat ander (en ek sluit myself by laasgenoemde in) kan help om hulle opinie te vorm. Onder hierdie begaafdes tel mense uit die alledaagse leefwêreld wat met wysheid weeg en oordeel. Maar daar is ook mense uit die akademiese wêreld wat geskiedkundige óf sosiologiese óf teologiese insig tot ons almal se beskikking stel. Al hierdie mense spreek feilbare woorde, wat nietemin iets kan eggo van daardie Woord wat skerper as enigiets kan onderskei en beoordeel (Heb. 4: 12). Van die meeste van ons word net gevra om hierdie eggo's te probeer onderskei van al die pronkerige gepraat wat om ons weergalm.